# Skilpad en sy dop

Illustrasies: Helga Hoveka en Adam Carnegie
Outeur: Brigid Comrie

**Kwartaal 2** – Groot Boek 4



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

T2_4 Tortoise and his shell_big book_A.indd 1 2021/11/04 16:22



Sarel die skilpad woon alleen in 'n veld. "Ek wens ek kon so vinnig soos die ander diere hardloop," sê hy.

T2_4 Tortoise and his shell_big book_A.indd 1 2021/11/04 16:22



Sarel kruip uit sy dop en roep: “Kyk vir my! Ek kan vinnig hardloop sonder my swaar dop!”



T2_4 Tortoise and his shell_big book_A.indd 2 2021/11/04 16:22



Ná ’n rukkie hou Sarel op hardloop. Die warm son brand sy sagte rug. “Ek het nie my dop om my te beskerm nie. Ek gaan in die skaduwee rus.”



T2_4 Tortoise and his shell_big book_A.indd 3 2021/11/04 16:22



Sarel hoor ’n geluid in die lug en sien ’n arend. “Ek wens ek het my dop gehad om my te beskerm,” sê hy. Hy kruip gou in ’n gat in ’n boom weg.



T2_4 Tortoise and his shell_big book_A.indd 4 2021/11/04 16:22



Sarel begin weer hardloop. Hy hoor 'n donderslag en voel die reëen op sy rug. "Ek wens ek het my dop gehad om my te beskerm," sê hy.



T2_4 Tortoise and his shell_big book_A.indd 5 2021/11/04 16:22



Sarel verlang na sy dop. Hy hardloop en kruip terug in sy dop. "Ek gee nie om dat ek nie vinnig kan hardloop nie," dink hy. "Ek is 'n skilpad, en dit sal ek altyd bly!"



T2_4 Tortoise and his shell_big book_A.indd 6 2021/11/04 16:22

b a d c e g f i j

Gauteng Education Development Trust

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

ZENEX FOUNDATION

Wordworks Changing lives through literacy

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

BY NC SA